kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandgnel@outlook.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 188

Kom, dank nou almal God
met hart en mond en hande;
loof Hom wat wonders doen
tot in die verste lande.
Van vroeg, van kindsbeen af,
het Hy ons trou bewaar
en tot vandag toe nog
geseën en gespaar.

Lof, eer sing ons voor God,
die bron van alle lewe –
die Vader, Seun en Gees,
almagtig en verhewe.
Drie-enig God, ons roem
u krag en majesteit.
O Heer, ons wil U noem:
ons God in ewigheid!

Woorddiens

Tema: Wyse manne en vroue

Skriflesing: Matteus 2:1-12

Broodjies vir die pad

"Did they have names? A sixth century Alexandrian document was found that references three magi whose names are popularly accepted today: Balthasar, Melchior, and Caspar/Gaspar."
— Wyatt North, The History of Christmas

"Wisdom is the right use of knowledge. To know is not to be wise. Many men know a great deal, and are all the greater fools for it. There is no fool so great a fool as a knowing fool. But to know how to use knowledge is to have wisdom."
— Charles Spurgeon

"They say philosophers and wise men are indifferent. Wrong. Indifference is a paralysis of the soul, a premature death."
— Anton Chekhov, Selected Stories of Anton Chekhov

"Who indeed knows the secret of the earthly pilgrimage? Who indeed knows why there can be comfort in a world of desolation? Now God be thanked that there is a beloved one who can lift up the heart in suffering, that one can play with a child in the face of such misery. Now God be thanked that the name of a hill is such music, that the name of a river can heal. Aye, even the name of a river that runs no more. Who indeed knows the secret of the earthly pilgrimage? Who knows for what we live, and struggle and die? Who knows what keeps us living and struggling, while all things break about us? Who knows why the warm flesh of a child is such comfort, when one's own child is lost and cannot be recovered? Wise men write many books, in words too hard to understand. But this, the purpose of our lives, the end of all our struggle, is beyond all human wisdom."
— Alan Paton, Cry, the Beloved Country

Skryf só saam aan die nuwe jaar se oop teks

Wilhelm Jordaan

Nog in die voorportaal van die nuwe jaar is dit miskien nuttig om bestek op te maak van Nuwejaarsverwagtings – met 'n bietjie meer erns as die gebruiklike stuitige wenslysies en buitensporige of vae voornemens.

Drie soorte verwagtings val op: Eerstens, dat alles slegter sal word in 2020. Dit spreek van 'n uitsiglose pessimisme wat gedra word deur die gedagte dat jy nie die wêreld gemaak het soos dit nou is nie, en daarom kan jy niks doen om dit beter te maak nie. Die toekoms is só donker dat jy nie eens glimlag oor die grappie dat ons parlementariërs, oogkundig gesproke, die toets vir normale 20:20-visie gedruip het en gevolglik 2020 kortsigtig aandurf nie!

Die gevaar van so 'n verwagting is dat dit 'n lewenstyl raak wat al jou doen en late kenmerk. Alles word in die fynste besonderhede somber.

Sulke mense trek mekaar soos magnete aan. En hul individuele pessimismes word saamgevoeg tot 'n soort warmbroeiery, 'n swartgalligheidskultus en die gesamentlike afwagting van die ergste.

'n Tweede verwagting is dat dinge in 2020 hopelik nie slegter sal wees as in 2019 nie. Onderliggend daaraan is 'n leë, daadlose optimisme waarin daar min begrip is vir wat jý moet dóén om te sorg dat dinge sigbaar beter word eerder as "nie slegter" nie.

'n Derde verwagting is dat 2020 hoogstens ánders gaan wees.

Dit beteken jy verwag eintlik niks van die nuwe jaar nie – dat jy onbetrokke op 'n afstand die Suid-Afrikaanse lewensdrama gaan beskou; met jou hande gevou. Niks gaan jou werklik opgewonde maak of teleurstel nie. Jy is 'n buitestander.

Wat kom daar uit sulke verwagtings? Miskien moet ons die insig hê dat ons almal beurtelings heen en weer van die een na die ander verwagting steier soos wat die politieke winde waai en samelewingsellendes, saam met eie teleurstellings, ons tref.

Soms is ons reddeloos pessimisties en glo vas niks sal ooit beter word nie. Soms rigtingloos optimisties in ons gevoel dat dinge nie slegter kan word nie. En soms is ons buitestanders wat eintlik niks van die lewe verwag nie.

Dié insig oor ons verskeurdheid oor die toekoms help miskien om ons tot 'n vierde soort verwagting te bring – dat ons die lewe (ook 2020) kan beleef as 'n "oop teks" waarvan ons die medeskrywers is.

Dit laat toe dat jy deur volgehoue deelname aan die lewe gestalte kan gee aan 'n toekoms, aan 'n nuwe jaar. Dat die woord "nuut" kragtige betekenis kry in jou doen en late op eie werf.

Waar "nuut" dan beteken dat jy, met behoud van 'n kritiese

perspektief, moontlikhede raaksien en ontdek wat jy nie vroeër raakgesien of van bewus was nie – in jou verhoudings met ander, in jou werk en in jou deelname aan die gemeenskapslewe . . .

Help só skryf aan 2020!

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/skryf-so-saam-aan-die-nuwe-jaar-se-oop-teks-20200108

"The Magi bring treasures and gifts fitting for a king. Hearts that are seeking, that are open will be overjoyed at finding, will fall down and worship. Deceptive and scheming minds will be frustrated, left out of the divine communication. Worship leaves us more open and receptive to God,"
— Ron Oltmanns, Starting a Journey with Jesus: Fourteen Days of Praying with Matthew

"The Magi
Now as at all times I can see in the mind's eye,
In their stiff, painted clothes, the pale unsatisfied ones
Appear and disappear in the blue depths of the sky
With all their ancient faces like rain-beaten stones,
And all their helms of silver hovering side by side,
And all their eyes still fixed, hoping to find once more,
Being by Calvary's turbulence unsatisfied,
The uncontrollable mystery on the bestial floor."
— W.B. Yeats, Selected Poems

"A strange thing happened to me in my dream. I was rapt into the Seventh Heaven. There sat all the gods assembled. As a special dispensation I was granted the favor to have one wish. "Do you wish for youth," said Mercury, "or for beauty, or power, or a long life; or do you wish for the most beautiful woman, or any other of the many fine things we have in our treasure trove? Choose, but only one thing!" For a moment I was at a loss. Then I addressed the gods in this wise: "Most honorable contemporaries, I choose one thing that I may always have the laughs on my side." Not one god made answer, but all began to laugh. From this I concluded that my wish had been granted and thought that the gods knew how to express themselves with good taste: for it would surely have been inappropriate to answer gravely: your wish has been granted."
— Soren Kierkegaard

Brood vir die pad

Oor die wonder van tyd

Anton van Niekerk

'N Nuwe jaar, 'n nuwe begin.

Die uurglas vir 2019 het uitgeloop. Ons staan voor 'n nuwe begin.

Ek kan nie help om my telkens hierdie tyd van die jaar te verwonder oor tyd, verandering en geskiedenis nie.

Die siklus van die jare en seisoene herinner ons daaraan dat alles bly verander, dat ons almal verganklik is en dat die gang van die tyd ons beurt hier op aarde mee-doën-loos vorentoe verkort.

Geen wonder nie dat van die grootste denkers van alle tye (Augustinus, Kant, Hegel) diep gedelf het om tyd beter te probeer verstaan.

Kant (1724-1804) was moontlik die radikaalste. Aan die een kant, meen hy, is tyd en ruimte die mees vanselfsprekende eienskappe van die werklikheid waarin ons ons bevind. As ons die oortuiging (nog relatief nuut in Kant se leeftyd) ernstig opneem dat alles wat ons wetenskaplik ken, in tyd en ruimte aan ons verskyn, sit ons steeds met die enigma dat ons van tyd en ruimte as sodanig geen afsonderlike indruk het nie.

Dit bring Kant tot die onthutsende gevolgtrekking dat tyd en ruimte nie kenmerke is van die wêreld "daar buite" nie. Dis eerder kenmerke van ons eie kennende bewussyn. Tyd is een van die maniere waarop ons dit wat ons van die wêreld sintuiglik weet, struktureer of vorm tot 'n (vir ons) kenbare en verstaanbare wêreld.

Daarmee bring Kant 'n tradisie op gang wat wys op die onontkenbare verband tussen tyd en menslikheid of menslike kennis. Dis later voortgesit deur kosmologiese denkers soos Einstein en Hawking wat op hul beurt daarop aandring dat tyd (saam met die ruimte) begin het met die oerknal. Die vraag: "Wat was daar vóór die oerknal?" is 'n ongeldige vraag. Die wêreld as 'n kenbare ruimte ontstaan saam met tyd.

Tyd fassineer ons egter nie slegs omdat ons sukkel om dit verreken te kry in ons verstaan van die fisiese werklikheid nie. Tyd is ook nie slegs 'n bedreiging omdat dit ons voortdurend herinner aan ons verganklikheid nie. Die Duitse filosoof Hannah Arendt wys ons op 'n telkens terugkerende bevryding wat bemiddel word deur tyd.

Dié kenmerk van menswees wat Arendt die meeste waardeer en bewonder, is ons vermoë om nuut te (kan) begin. Niks bring ons menslikheid ryker tot uitdrukking as die feit dat, omdat ons noodwendig lewe in tyd, ons telkens die geleentheid gebied word om nuut te begin. Ons is nie vasgeval in wat verby is nie. Ons is nie die gevangenes van ons verlede nie.

Belangrikste van alles: Ons is meer as wat ons gedoen of aangevang het. Ons kan nuwe geleenthede vir onsself en ander ontwerp. Ons kan vergewe (dit wil sê ons kan die verlede vir mekaar leefbaar maak) en ons kan beloftes maak (dit wil sê ons kan eilande van toevlug en veiligheid vir mekaar skep in ons worsteling om te swem in die onoorskoulike en onvoorspelbare see wat die toekoms is).

Dit alles is moontlik omdat ons lewens 'n bestaan in tyd is. Ons lewens het daarom ook noodwendig 'n begin, 'n verloop en 'n einde. As dit geluk, dan vorm dit 'n (hopelik) samehangende verhaal – 'n verhaal wat ander ons graag sou wou nadoen.

Wanneer geluk ons lewens? Die wydste konsensus oor die antwoord op dié vraag is eenvoudig: "Wanneer ek iets vir my medemens beteken het en só 'n klein stukkie van die wêreld 'n beter plek gemaak het."

Daarom is ons lewe in tyd nie bloot 'n gejaag na wind of 'n leë hartstog nie.

Die tyd maak dit moontlik dat ons nuut kan begin, tot op die dag wanneer die tyd ons finaal inhaal.

∗ *Prof. Van Niekerk doseer filosofie aan die Universiteit Stellenbosch.*

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/oor-die-wonder-van-tyd-20200106

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877